Veediefstal styg met 8,8% in 2016-'17

DIE polisie het die nasionale veediefstalstatistiek vir 2016-'17 verlede Oktober bekend gemaak. Dié syfers is deur die nasionale veediefstalvoorkomingsforum ontleed. Daarvolgens blyk dit dat veediefstal in 2016-'17 landwyd met 8,8% teenoor die vorige ooreenstemmende tydperk toegeneem het.

Mnr. Willie Clack, voorsitter van die forum, sê die styging kan dalk onrusbarend wees, maar dit kan wees weens 'n ware styging in veediefstal óf omdat slagoffers meer sake aanmeld.

Die meeste veediefstal het in Noordwes en Mpumalanga voorgekom, met 22,5% van alle sake wat in elk van dié provinsies aangemeld is. In Gauteng is 20,7% van sake aangemeld.

Polisiekantore wat 'n styging van meer as 50% in veediefstalsake ondervind het, was KwaMhlanga (171%) in Mpumalanga, Phokeng (149%) in Noordwes, Ermelo (108%) in Mpumalanga, Selosesha in die Vrystaat en Belfast in Mpumalanga (albei met 78%), Nongoma (73%) in KwaZulu-Natal en Matlala (57%) in Limpopo.

Brandpunte waar daar meer as 150 gevalle van veediefstal in 2016-'17 aangemeld is, was veral in die Oos-Kaap, naamlik by Sulenkama (231 gevalle), Bityi (214), Qumbu (205), Maluti (185) en Mthatha (179). In die Vrystaat is die meeste gevalle by Harrismith (175) aangemeld, in Mpumalanga by KwaMhlanga (160) en in KwaZulu-Natal by Bergville (158).

Die **TABEL** toon die ekonomiese impak van veediefstal in Suid-Afrika vanaf 2011 tot 2017. In die boekjaar wat verlede jaar geëindig het, het boere verliese van R734 miljoen gely.

EKONOMIESE IMPAK VAN VEEDIEFSTAL IN SUID-AFRIKA

Tydperk	Beeste			Skape			Bokke			TOTAAL		
	Gesteel (R'000)	Gesteel (R'000)	Verlore (R'000)	Gesteel (R'000)	Gesteel (R'000)	Verlore (R'000)	Gesteel (R'000)	Gesteel (R'000)	Verlore (R'000)	Gesteel (R'000)	Gesteel (R'000)	Verlore (R'000)
2011-'12	621 099	288 855	332 244	141 675	35 354	106 322	68 132	20 063	48 069	830 907	344 272	486 634
2012-'13	557 820	233 760	324 060	138 105	32 052	106 052	61 231	16 222	45 008	757 156	282 034	745 121
2013-'14	598 017	231 735	66 282	127 541	26 661	100 880	62 978	19 080	43 898	788 536	277 476	511 060
2014-'15	610 467	247 632	362 835	143 541	35 523	108 018	65 037	18 297	46 740	819 045	301 452	517 593
2015-'16	653 148	251 676	401 472	153 183	38 243	114 941	71 050	19 292	51 758	877 382	309 211	568 171
2016-'17	796 328	263 965	532 363	180 086	36 006	144 080	82 392	24 314	58 078	1 058 806	324 285	734 520

RPO POSISIONEER HOMSELF VIR TOEKOMS

DIE Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) se strategiese beplanningsessie is vroeg vanjaar in Bloemfontein gehou. Mnr. Koos van der Ryst, voorsitter, het gesê wisselvallige marktoestande en dieregesondheid is van die belangrikste knelpunte in die volhoubaarheid van die bedryf.

"Toegewyde aandag moet ook daaraan gegee word om toetreders tot die rooivleisbedryf te bemagtig met die nodige opleiding en ondersteuning ten einde produksie volhoubaar en mededingend te maak," het hy gesê.

Volgens mnr. Gerhard Schutte, hoofbestuurder, het die RPO homself op die werksessie geposisioneer om die belange van die produsent te verteenwoordig sodat voedselsekerheid in Suid-Afrika bevorder kan word.

Die RPO se uitvoerende raad en belanghebbendes het die kernrol van die RPO in die toekoms bespreek, asook volhoubaarheid in die totale rooivleiswaardeketting.

Van der Ryst het gesê die RPO is gereed om die mededingendheid en volhoubaarheid van die rooivleisbedryf te help verseker.

Geleenthede vir die uitbreiding van die RPO se funksies, ondersteuning van die rooivleisbedryf en waarde-ontsluiting vir produsente is in Bloemfontein geïdentifiseer. Die volgens sake is ook bespreek:

- Bestendige marktoegang en bemarkingsgeleenthede vir produsente se produk.
- Die bou van strategiese vennootskappe en verhoudings.
- Inklusiwiteit en transformasie van die rooivleisbedryf.
- Vroegtydige bestuur van dieregesondheid en die uitbreiding van funksies, soos navorsing en ontwikkeling, produksie-ontwikkeling, opleiding en tegnologie-oordrag.

Volgens Schutte is dit noodsaaklik om biosekerheidsrisiko's, soos dieregesondheid (insluitend naspeurbaarheid), vroegtydig te takel ten einde produksie van topgehalte te bevorder. Die RPO sal dié taak saam met die nasionale organisasie vir opkomende rooivleisprodusente (Nerpo) bestuur. Geld uit die nuwe statutêre heffing sal daarvoor gebruik word. In vennootskap met die nasionale dieregesondheidsforum sal klem daarop geplaas word.

Die RPO sal groter klem op verbruikersopvoeding lê om die plaaslike mark te laat groei en die deurlopende vraag na rooivleis te vergroot.

Dit is ook belangrik om vermoëns ten opsigte van hulpbronne, insluitende menslike hulpbronne en finansies, te beter, terwyl die bewaring en optimale benutting van die natuurlike hulpbronne elke produsent se mikpunt behoort te wees.

Volgens Schutte word die RPO as die spreekbuis van die rooivleisprodusente in die formele sektor erken. Die organisasie het 'n goed gevestigde struktuur wat tot op voetsoolvlak kan kommunikeer, en sy kommunikasie met die Regering is op 'n baie hoë vlak. Hy sê daar is uitstekende kundigheid binne die RPO en die organisasie het 'n impak en inspraak as dit kom by navorsing en ontwikkeling.

Schutte sê die RPO speel ook 'n beslissende rol in die aansoek, toepassing en uitvoering van funksies ingevolge die statutêre heffing. Verder speel die organisasie 'n belangrike rol binne die Rooivleisbedryfsforum. Die organisasie is ook betrokke by die nasionale en provinsiale gesondheidsforums, die veediefstalforums en die roofdierforums. Die RPO het 'n vaartbelynde administrasie en inklusiewe besluitnemingsprosesse.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**. E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.